



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## BESIGHEIDSTUDIES

## NOVEMBER 2011

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die leeruitkomste.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE VERPLIGTE vrae
   AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae
   Beantwoord enige TWEE van die vier vrae uit hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag sorgvuldig deur en neem deeglik kennis van wat verlang word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydtoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **40** | **30 min.** |
| | | | |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae VERPLIGTEND** | **2** | **60** | **30 min.** |
| | **3** | **60** | **30 min.** |
| | **4** | **60** | **30 min.** |
| | | | |
| **C: VIER opsteltipe vrae KEUSE (Beantwoord enige TWEE.)** | **5** | **40** | **30 min.** |
| | **6** | **40** | **30 min.** |
| | **7** | **40** | **30 min.** |
| | **8** | **40** | **30 min.** |
| | | | |
| **TOTAAL** | | **300** | **180 min.** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.

8. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 B.

1.1.1 Gewoonlik het groothandelaars in die tersiêre sektor … beheer oor die uitdagings in die makro-omgewing.

A min
B 'n bietjie
C geen
D totale

1.1.2 'n Groep verteenwoordigers wat saamgestel is uit gekose werkers in 'n onderneming wat werk aan meer as 100 werkers verskaf en wat gesamentlike probleemoplossing tussen werkgewer en werknemer aanmoedig:

A Vakbondverteenwoordiger
B Werkplekforum
C Personeelvergadering
D Gemeente

1.1.3 Die Wet op BBSEB teiken verskeie pilare vir groei en ontwikkeling en … word as een van die pilare geïdentifiseer.

A eienaarskap
B kapitaal
C kwaliteitswerkverrigting
D versekering

1.1.4 'n Voorbeeld van onprofessionele en onetiese gedrag is die …

A verkoop van tweedehandse goedere as nuut.
B indiensneming van onervare werkers.
C verhoging van pryse in lyn met mededingers.
D vind van 'n substituut vir die mededinger se produk.

1.1.5 Watter EEN van die volgende is 'n uitgawe vir 'n onderneming?

A Huur-inkomste
B Rente op 'n vaste deposito
C Rente op 'n lening
D Skuldbriewe

1.1.6 'n Oriënteringsprogram het te doen met EEN van die volgende:

A Opleiding van 'n werker om met 'n bestaande masjien te werk
B Verwelkoming van nuwe werkers in die onderneming en voorbereiding op hulle nuwe verantwoordelikhede en take
C Mannekragbeplanning
D BBSEB

1.1.7 Sipho het onlangs 'n bedrag van R2 000 as 'n dividend op 'n belegging by MTN ontvang. Hierdie belegging was in die vorm van …

A 'n vaste deposito.
B verbande.
C aandele.
D vaste eiendom.

1.1.8 Wanneer 'n werkgewer en werknemer nie oor die eise van 'n salarisverhoging en beter werksomstandighede kan ooreenkom nie, kan hulle hierdie aangeleenthede na die … verwys.

A welsynshof
B uitsluitingsklousule
C werkplekforum
D KVBA

1.1.9 Hierdie wetgewing verseker dat gekwalifiseerde persone van aangewese groepe gelyke geleenthede in die werkplek kry:

A Regstellende aksie
B Wet op Werkloosheidsversekering
C Nywerheidshandves
D WVBBS

1.1.10 Werkgewers ontvang korting op belasting indien hul tot hierdie fonds bydra:

A Werkloosheidsversekering
B Lotery
C Motorvoertuigongelukke-fonds
D Uittree-annuïteitfonds (10 x 2) (20)

1.2 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 'n (SSGB-ontleding/Posontleding) is 'n instrument vir die ouditering van 'n besigheid en sy omgewing.

1.2.2 Die (aandeelhouers/direksie) is verantwoordelik vir die bestuur van publieke maatskappye.

1.2.3 Die (etiese kode/handleiding) is 'n geskrewe dokument wat die beginsels en waardes uiteensit wat die besigheid/organisasie handhaaf.

1.2.4 Die (Wet op Arbeidsverhoudinge/Wet op Vaardigheidsontwikkeling) maak voorsiening vir verskillende SOOO's ('SETA's') om die arbeidsmag op te lei.

1.2.5 'n Werker word nie toegelaat om meer as (13 uur/10 uur) 'n week oortyd te werk nie. (5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n begrip in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 H.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Sloerstaking | A help met die bereiking van die onderneming se visie |
| 1.3.2 Posbeskrywing | B MXit |
| 1.3.3 Brandkluisklousule | C standaarde en gedrag vir 'n spesifieke beroep |
| 1.3.4 Professionalisme | D werkers werk teen 'n stadiger pas as gewoonlik sodat hulle doelbewus nie die produksiekwota haal nie |
| 1.3.5 Missie | E stipuleer dat die boeke of rekords van die besigheid se voorraad in 'n brandvaste kluis gebêre moet word |
| | F beskryf die werklike posvereistes |
| | G georganiseerde wegblyaksie van die werk deur werkers waar hulle bereid is om hulle inkomste te verbeur |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B (VERPLIGTEND)

## VRAAG 2

2.1 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**JJ TAXI'S**

John en Jim het 'n taxidiens begin, vanaf Soweto tot in die middestad van Johannesburg. Hulle het geld by 'n bank geleen om vier nuwe taxi's aan te koop en het hulle besigheid JJ Taxi's genoem. Baie staatsdepartemente het van hulle dienste gebruik gemaak.

Die omset vir die afgelope jaar was laer as die vorige vyf jaar. Die President van die Reserwebank het 'n verhoging van 1% in die prima rentekoers aangekondig. Groen Lig Taxidiens, 'n nuwe mededinger, het onlangs hul besigheid begin en baie staatsdepartemente het hul besprekings by JJ Taxi's gekanselleer.

2.1.1 Noem die sektor waarin JJ Taxi's bedryf word. (2)

2.1.2 Identifiseer enige TWEE uitdagings in die gevallestudie. Noem die omgewing waartoe ELK van hierdie uitdagings behoort en ook tot watter mate JJ Taxi's hierdie omgewings kan beheer.

VRAAG 2.1.2 moet volgens die opskrifte wat in die tabel hieronder gegee word, beantwoord word.

| | UITDAGINGS | OMGEWING | MATE VAN BEHEER |
|---|---|---|---|
| A | | | |
| B | | | |

(6)

2.2 Verduidelik VIER maniere waarop die werkgewer/bestuurder kan help om die spanningsvlakke van werknemers in die werkplek te verminder. (12)

2.3 Bestudeer die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BELASTINGKONSULTANT: LIMPOPO**

Beroepsverryking en beroepsbevrediging vir gekwalifiseerde belasting-konsultante. Die onderneming diskrimineer nie op grond van geslag, ras of geloof nie en ondersteun inklusiwiteit.

Die pos sluit die volgende verantwoordelikheidsareas in:

- Die bestuur en ontwikkeling van 'n span belastingkonsultante
- Beleggings/Finansiële beplanning

Die kandidate moet aan die volgende vereistes voldoen:

- BCom-graad
- Sertifikaat in finansiële beplanning
- Toepaslike bestuursvaardighede van ten minste een jaar in die finansiëledienste-bedryf

Vergoeding sal afhang van die vlak van ondervinding en bekwaamheid van die kandidaat en is markverwant.

Kopiereg voorbehou 

2.3.1 Noem DRIE faktore wat die belastingkonsultant sal oorweeg wanneer hy/sy vir die pos aansoek doen. (6)

2.3.2 Voldoen hierdie vakature aan die Wet op Gelyke Indiensneming? Motiveer jou antwoord. (6)

2.3.3 Beskryf kortliks die prosedure wat die menslikehulpbron-bestuurder moet volg voordat die belastingkonsultant in diens geneem kan word. (14)

2.4 Bestudeer die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DANSER HUIS TOE GESTUUR**

Johannesburg: 'n Lid van die Suid-Afrikaanse treffervertoning *African Footprint* is uit die rolverdeling gelaat nadat hy die MIV-positiewe status van 'n ander lid van die dansgeselskap bekend gemaak het.

Hierdie inligting is sonder sy toestemming aan die bestuur oorgedra.

[Aangepas uit *The Mercury*,18 Januarie 2008]

2.4.1 Beskryf waarom dit oneties van die lid van die dansgeselskap was om die MIV-status van die ander lid van die dansgeselskap bekend te maak. (6)

2.4.2 Analiseer die impak van MIV/Vigs op Suid-Afrikaanse besighede. (8)

**[60]**

## VRAAG 3

3.1 Gee enige DRIE redes waarom 'n vennootskap as 'n goeie ondernemingsvorm beskou kan word. (6)

3.2 Noem enige VYF entrepreneurskenmerke waaraan 'n suksesvolle besigheid gemeet kan word. (10)

3.3 Noem VIER kenmerke van 'n span wat hul doelwitte suksesvol bereik. (8)

3.4 Beskryf enige VIER aspekte wat tot konflik in 'n werkplek kan lei. (12)

3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BELEGGING, DIE BESTE KEUSE OOIT**

Zinhle Ngcobo van Bisho het op 1 Desember 2008 R500 000 in die Nasionale Lotery gewen.

In Januarie 2009 het sy 30 000 aandele teen R10 elk van Sasol Bpk. gekoop. In Desember 2010 het sy al haar aandele teen R15 elk verkoop.

Die oorblywende R200 000 is by ’n handelsbank as 'n vaste deposito vir twee jaar belê teen 15% enkelvoudige rente per jaar, met ingang van 1 Januarie 2009.

3.5.1 Analiseer Zinhle se beleggings in terme van die risikofaktor. (4)

3.5.2 Watter belegging het die hoogste opbrengs oor die tweejaar-periode verdien? Motiveer jou antwoord.

**LET WEL:** Toon ALLE bewerkings. (16)

3.5.3 Stel enige TWEE beleggingsvorme aan Zinhle voor, behalwe die twee wat in die scenario genoem is. (4)
**[60]**

**VRAAG 4**

4.1 Noem enige VYF stappe wat 'n besigheidsorganisasie moet volg om probleme wat in die werkplek mag opduik, op te los. (10)

4.2 Die volgende strategieë word deur verskillende besighede gebruik om spesifieke uitdagings te oorkom. Identifiseer die tipe strategie wat vir elk van die volgende scenario's gebruik word:

4.2.1 'n Besigheidsonderneming verkoop twee afleweringsvoertuie om sy krediteure te betaal. (2)

4.2.2 New Look-meubelfabriek koop 'n plaas met boomplantasies. (2)

4.2.3 'n Suid-Afrikaanse besigheid wat voorheen ontwerpersklere net in Suid-Afrika verkoop het, verkoop nou ook hul produkte in Frankryk. (2)

4.2.4 'n Selfoonwinkel begin om mikrogolfoonde te verkoop. (2)

4.2.5 'n Bestaande kommunikasiemaatskappy vra laer tariewe per oproep as ander maatskappye. (2)

4.3 Noem enige VIER funksies van vakbonde. (8)

4.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.


| |
|---|
| Mnr. en mev. Pillay is onlangs getroud en beplan om 'n huis in Verulam, met gebruik van 'n lening by die bank, te koop. |

Sou jy mnr. en mev. Pillay adviseer om 'n spesifieke versekering op hul verband uit te neem? Gee redes vir jou advies. (8)

4.5 Bespreek hoe die pryse van goedere in plattelandse gebiede en seksuele teistering 'n uitdaging vir etiese en professionele gedrag kan wees. Doen ook aanbevelings oor hoe hierdie vorme van onetiese gedrag deur besigheidsorganisasies aangepak kan word. (12)

4.6 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VERKOPE VAN BAADJIES IN DUISENDE RAND**




4.6.1 Identifiseer die tipe grafiek wat hierbo voorgestel word. (2)

4.6.2 Watter maand verteenwoordig die hoogste verkope? Gee TWEE moontlike redes vir jou antwoord. (6)

4.6.3 Noem TWEE strategieë wat jy kan gebruik om die verkoopsprestasie in September te verhoog. (4)

**[60]**

**TOTAAL AFDELING B: 180**

## AFDELING C

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

**LET WEL:** Skryf slegs die VRAAGNOMMER neer. Die antwoord op ELKE VRAAG moet op 'n NUWE BLADSY begin, byvoorbeeld VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy, ensovoorts.

### VRAAG 5

Die Nasionale Kredietwet is daargestel om die wyse waarop ons as verbruikers krediet gebruik het, te verbeter. Met verbeteringe kom ook veranderinge en een van die belangrike veranderinge is dat ons bewus moet word van die belangrikheid om te bepaal of ONS KREDIET KAN BEKOSTIG.

[Aangepas uit *Financial Health*-tydskrif 2009]

Bespreek die doel, voordele en nadele van die Nasionale Kredietwet, 2005 (Wet 34 van 2005) (NKW) vir beide die besigheid (diensverskaffer) en verbruikers (kliënte).

Verduidelik die Nasionale Kredietwet, 2005 (Wet 34 van 2005) (NKW) in terme van verbruikersregte en dui aan wat gedoen kan word indien 'n kliënt se kredietaansoek afgekeur word. **[40]**

### VRAAG 6

**NOORDWES-UNIVERSITEIT (NWU) WORD MEER SOSIAAL VERANTWOORDELIK**

Noordwes-Universiteit – een van die toonaangewende universiteite in Suid-Afrika – het by die groen brigade aangesluit in 'n poging om hul 'koolstofvoetspore' te verminder en om meer omgewingsvriendelik te word.

Die universiteit het die volgende onderneem:

- Alle papier word na gebruik herwin.
- 'n Deel van die afval van die koshuise word herwin.
- Elektrisiteitsverbruik, afval, ensovoorts word gemonitor sodat die universiteit meer omgewingsvriendelik kan wees.
- Nuwe geboue met lae elektrisiteitsverbruik word gebou.
- Werkers uit verskillende kulturele agtergronde word in diens geneem.
- Diskriminasie word uitgeskakel deur die regte van alle werknemers te beskerm.

Gebruik die scenario hierbo om die aard van menseregte, inklusiwiteit en omgewingskwessies te beskryf.

Evalueer ook die mate waartoe Noordwes-Universiteit (NWU) elkeen aanpak. **[40]**

**VRAAG 7**

| |
|---|
| Goeie bestuur en goeie leierskap sal besighede en organisasies beïnvloed om suksesvoller te word en om hulle doelwitte en doelstellings suksesvol te bereik. |

Analiseer die stelling hierbo en evalueer dan die outokratiese (baasgesentreerde), laissez-faire (ongedwonge) en charismatiese leierskap-/bestuurstyle.

Gebruik voorbeelde om te verduidelik hoe hierdie style suksesvol in die werkplek aangewend kan word. **[40]**

**VRAAG 8**

**MAPONYA-ONDERNEMING**

- Het gedurende die afgelope vyf jaar 'n verskeidenheid lekkergoed vir die plaaslike en oorsese markte vervaardig.
- 'n Vooruitstrewende maatskappy wat glo dat bestuurders van al die besigheidsfunksies moet saamwerk; nie in isolasie nie.
- Volgens die aksieplan word beoog dat 'n seminaar vroeg in 2012 sal plaasvind.
- Hierdie seminaar sal die heel nuutste inligting en ontwikkelinge in bestuur beklemtoon.

Veronderstel jy is 'n direkteur van Maponya-onderneming. Analiseer en bespreek hoe die kwaliteit van werksverrigting binne die volgende besigheidsfunksies die sleutel tot 'n suksesvolle besigheid is:

- Produksie
- Bemarking
- Aankope
- Algemene bestuur

Gebruik praktiese voorbeelde om jou antwoord te ondersteun. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**
**GROOTTOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou